# GELOOF IS AKSIE

GELOOF
LIEFDE CHRISTUS-GESENTREERD
HEILIGE GEES-GEÏNSPIREERD LEWE GEBED

# CHRISTUS ONS PERFEKTE VISIE

SENDING GELOOF-IN-AKSIE HOOP
DISSIPELMAKERS WOORD-GEBASEER
IN CHRISTUS AANBIDDING GROEI

## DAAGLIKS MET GOD
— 'N STUDIE VAN DIE JAKOBUS BRIEF

DeoGloria
Family of Churches

CHRISTUS ONS PERFEKTE VISIE

# INHOUD


| | Page Nr |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| | |
| **Week 1: Vreugdevolle Deursettingsvermoë** | |
| Persoonlike studie | 11 |
| Groepbespreking | 19 |
| | |
| **Week 2: Verstaan Versoeking** | |
| Persoonlike studie | 25 |
| Groepbespreking | 31 |
| | |
| **Week 3: Luister en Doen** | |
| Persoonlike studie | 37 |
| Groepbespreking | 42 |
| | |
| **Week 4: Geloof wat die toets deurstaan** | |
| Persoonlike studie | 47 |
| Groepbespreking | 53 |
| | |
| **Week 5: Tem die Tong** | |
| Persoonlike studie | 59 |
| Groepbespreking | 65 |

| | Page Nr |
|---|---|
| **Week 6: Hemelse Wysheid** | |
| Persoonlike studie | 71 |
| Groepbespreking | 76 |
| | |
| **Week 7: Nederige Onderdanigheid en Perspektief** | |
| Persoonlike studie | 81 |
| Groepbespreking | 87 |
| | |
| **Week 8: Geduld en Gebed** | |
| Persoonlike studie | 93 |
| Groepbespreking | 100 |
| | |
| Geheueverse | 103 |
| | |
| Bronne | 105 |
| | |

# INLEIDING

Die boek Jakobus het nog altyd by gelowiges ‘n mate van ongemak veroorsaak. Sommige voel dat die boek te direk is. Hulle verkies die boeke van Johannes, wat van liefde praat; of die van Paulus, wat van Christus praat. Ander voel dat Jakobus te veel klem lê op goeie werke en dat dit afbreek maak aan die boodskap van Verlossing.

Jakobus maak dit egter baie duidelik dat Christene nie die luukse het om op een manier te glo en dan op 'n ander te leef nie. Hy spoor ons aan om ons geloof te aktiveer en God met ons lewens lief te hê.

***Wie was Jakobus?***

In sy brief noem Jakobus homself bloot *'n dienskneg van God en van die Here Jesus Christus*. In die Nuwe Testament was daar verskeie mans met die naam Jakobus. Die meeste teoloë glo dat hierdie brief deur Jakobus, die broer van Jesus, geskryf is, aangesien die apostel Jakobus te vroeg dood is (44nC) om dit te kon skryf. Terwyl Jakobus Jesus tydens Sy aardse bediening verwerp het, het hy Jesus na Sy opstanding begin volg en selfs die hoof van die kerk in Jerusalem geword.

***Wat leer die boek ons?***

Jakobus het vanuit sy ongewone ervarings geskryf: Hy was die broer van Jesus (hulle het dieselfde moeder gehad, maar Jakobus was die seun van Josef, terwyl Jesus deur die Heilige Gees verwek is) en hulle het in dieselfde huis grootgeword. Jakobus was goed opgelei in die Ou-Testamentiese wet en profete. Hy het die kerk sien groei en gesien hoe die Evangelie versprei na die buitewyke van die Romeinse ryk. Die gelowiges het voor die vraag te staan gekom: *"Hoe om in ons alledaagse lewe te toon dat ons Christene is."*

Jakobus het in 'n baie kenmerkende styl geskryf: hy was direk en uitgesproke daarteen dat mense God mishaag. Hy wou hê dat mense baie deeglik oor hul houding en optrede moes nadink.

Jakobus was baie prakties; sommige mense voel selfs te prakties. Hy weet dat niemand se lewe perfek is nie. Hy weet dat ons probleme en swaarkry sal ondervind. Hy leer ons nie om sonder probleme te lewe nie, maar hoe om te lewe wanneer probleme ons tref.

Hy weet dat ons almal praat en soms dinge sê wat ons wens ons liewer nie gesê het nie. Daarom leer hy ons om ons woorde konstruktief te gebruik en versigtiger te wees!

Reg deur sy brief praat Jakobus oor geloof wat werk. Hy wil gelowiges aanmoedig om die uitdagings van die geloof die hoof te bied - geloof wat geanker is in die kennis van verlossing deur Jesus Christus. Ware geloof word nie gesien in wat ons sê ons glo nie, maar in hoe ons leef. Jakobus roep ons op tot 'n konsekwente Christelike lewe, 'n praktiese geloof.

Jy kan verwag dat hierdie studie moeilik sal wees, nie as gevolg van die taal of studies nie, maar omdat dit jou sal dwing om diep na jouself en jou geloof te kyk.

Ons bid dat jy, terwyl jy hierdie studie doen, die heerlikheid van ware Christendom sal ontdek. Mag jy aangemoedig word om in jou geloof te groei.

***Soli Deo Gloria!***

Week 1

# Vreugdevolle deursettingsvermoë

## Geheuevers:

***My broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees. Julle weet mos: Wanneer 'n mens se geloof 'n toets deurstaan, veroorsaak dit dat jy kan volhard.***

***Jakobus 1:2-3 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 1:1-12**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

In sy boek, *The Road less travelled*, maak Dr. Scott Peck die waarneming dat die lewe moeilik is. Dikwels veroorsaak onaangekondigde, pynlike probleme paniek of te lei selfs tot ’n woede in ons.

Baie mense gooi hul hande in die lug uit frustrasie en roep uit: “*Ek het probeer om te doen wat die Bybel sê, maar dit werk net nie. Ek het probeer bid. Ek het probeer om God te vra om my die krag te gee om die regte ding te doen. Ek het probeer; en dit werk net nie!”*

Dit is eenvoudig nie waar dat God se weë nie werk nie. God se weë werk altyd. Wat is dan die probleem? Dit is dat ons dikwels op die mees fundamentele vlak glo dat God se weg nie werklik die beste is nie. Ons glo te dikwels dat God se wysheid net so geldig is as die wêreld se manier om ons probleme op te los. Diep in ons harte dink ons: *“Miskien is God se manier om hierdie probleem op te los die beste, maar miskien is dit nie. As God my net sou wys wat Hy wil hê ek moet doen in hierdie moeilike situasie, kan ek daarna kyk en dit oorweeg. Miskien sal ek*

*besluit om te doen wat Hy sê. Maar soms is Sy manier nogal moeilik. Ek is nog nie bereid om my daaraan te verbind nie. Ek is net nie seker wat ek gaan doen nie; en ek wil my opsies oop hou."*

As ons, wanneer ons so dink, God om wysheid sou vra, sou ons dit op 'n onopregte manier doen omdat ons nie regtig van plan is om dit te volg nie. Baie van ons stryd in die Christelike lewe word hier gewen of verloor.

Daar is 'n gesegde: *"No pain, no gain."* Atlete herinner hulself gereeld hieraan om hulle te help om deur uitmergelende oefensessies te kom. Jakobus stel voor dat Christene dieselfde doen.

**STUDIE VRAE:**

Hoe sou jy jou huidige geestelike toestand beskryf?

_____

_____

_____

Let op na die drie temas wat ons hier vind: swaarkry, deursettingsvermoë en wysheid. Wat sê Jakobus is die doel van swaarkry (beproewings)? (Lees ook Romeine 5: 3-5 en 1 Petrus 1: 6-9)

_____
_____
_____

Hoe reageer jy op Jakobus se radikale idee dat ons dit as pure vreugde moet beskou wanneer ons voor beproewings te staan kom (vers 2)? Hoe verskil dit van die manier waarop ons lyding normaalweg sal beskou?

_____
_____
_____

Lees Handelinge 16:22-25. In watter mate is die voorbeeld van Paulus en Silas ‘n uitdrukking van hierdie waarheid?

_____
_____
_____

Wat lewer 'n beproefde geloof op (vers 3)? Wat beteken dit?

_____
_____

Hoe kan beproewings ons behoefte aan God se wysheid blootlê? Hoe verkry jy God se wysheid (vers 5)? (Lees ook Spreuke 2:1-6)

_____
_____
_____

Lees Spreuke 3:5-6. Vergelyk en kontrasteer hierdie gedeelte met Jakobus 1:5-6. Watter nuttige beginsels oor wysheid vind jy hier?

_____
_____
_____

Watter waarskuwing gee Jakobus in verse 6 - 8? Hoe help “nie tot ‘n besluit kan kom nie” (vers 8) ons om te verstaan wat hy bedoel met “twyfel” in vers 6?

_____
_____
_____

Waarom kontrasteer Jakobus ryk en arm Christene in die konteks van beproewings en volharding? (verse 9-11)

_____
_____

Definieer die woord “deursettingsvermoë”.

_____
_____

Waarom is dit noodsaaklik dat ons moet volhard? (vers 12)

_____

_____

_____

Watter moeilike ervarings het jou gehelp om meer deursettingsvermoë te hê en meer geestelike volwassenheid?

_____

_____

_____

Is daar 'n beproewing in jou lewe wat jy nie as “suiwer vreugde” beskou nie? Wat keer dat jy so daaraan dink?

_____

_____

_____

Wat sou in jou lewe verander as jy op 'n vreugdevolle manier aan jou beproewing(s) dink?

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

In hierdie gedeelte val Jakobus se belangrikste klem op die stelling: as iemand se geloof eg is, sal dit homself bewys tydens tye van benoudheid.

Om die egtheid van 'n diamant te toets plaas juweliers dit dikwels in helder water. Dit laat 'n regte diamant skitter met ‘n spesiale glans. 'n Ander klip sal amper geen sprankel hê nie. As die twee langs mekaar geplaas word, kan selfs 'n onopgeleide oog die verskil maklik sien.

Op 'n soortgelyke manier kan die wêreld die verskil sien tussen ware Christene en diegene wat bloot geloof in Christus bely. Dit geld veral in moeilike tye. Baie mense hou vas aan hulle geloof totdat dit swaar getoets word deur ontberinge en teleurstellings.

Die manier waarop iemand probleme hanteer, sal openbaar of sy geloof lewend of dood, eg of nageboots, reddend of verdoemend is. Om te verstaan hoe ons moet reageer, is maar slegs die eerste stap. Dit is baie moeiliker om dit te gaan toepas.

Ons moet bid dat God ons Sy wysheid sal gee sodat ons sal volhard tydens beproewings en nie sal brom nie, maar dit eerder as 'n vreugde sal beskou.

**GEBED:**

Praat met Vader oor jou beproewings.
Vra Hom om jou die wysheid te gee om jou beproewings met vreugde te ontmoet en te volhard.
Vra Hom om jou te leer hoe om soos Hy te wees, in Sy goedheid en betroubaarheid.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*My broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees. Julle weet mos: Wanneer 'n mens se geloof 'n toets deurstaan, veroorsaak dit dat jy kan volhard.*

*Jakobus 1:2-3 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 1:1-12, Romeine 5:3-5, 1 Petrus 1:6-9 en Matteus 21:21-22

## Besprekingsvrae

In Jakobus 1:1-12 vind ons drie temas: swaarkry, deursettingsvermoë en wysheid. Wat sê Jakobus is die doel van swaarkry? Wat leer hy ons van volharding? (Verwys na Romeine 5:3-5 en 1 Petrus 1:6-9)

_____

_____

_____

_____

Jakobus sê dat ons God om wysheid moet vra. Watter uitwerking het twyfel op jou as jy bid? Wanneer vind jy dit die moeilikste om te bid? (Verwys na Matteus 21:21-22) Bespreek.

_____

_____

_____

Wat is die “geestelike teenstrydigheid” wat in verse 9-11 geopper word? Hoe verskil God se beskouing van rykdom van die wêreldbeskouing? Bespreek.

_____

_____

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Is daar 'n beproewing in jou lewe wat jy nie as “pure vreugde” beskou nie? Wat keer dat jy so daaraan dink?

_____
_____
_____

Wat dink jy sal in jou lewe verander as jy op 'n vreugdevolle manier aan jou beproewing(s) dink?

_____
_____
_____

**Sluit af met gebed**

# Week 2

# Verstaan Versoeking

## Geheuevers:

***Ons weet mos God kan nie verlei word om verkeerd te doen nie, en Hý verlei ook niemand nie.***

***Jakobus 1:13b (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 1:13-18**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Die Griekse woord *peirasmos* het die basiese betekenis van eksperimenteer of toets en kan, afhangende van die konteks, ‘n negatiewe of positiewe betekenis hê. In vers 12 word die woord in die sin van beproewings of toetsing gebruik. Maar in vers 13 word die woord gebruik in die sin van versoekings, en die persoon se reaksie daarop.

Beproewings kan aanleiding gee tot allerlei versoekings binne ons. As ’n gelowige in getroue gehoorsaamheid aan God se Woord reageer, verduur hy ‘n beproewing suksesvol. As hy egter in die vlees daarvoor swig, God betwyfel en ongehoorsaam is, word hy verlei om te sondig. Die regte reaksie lei tot geestelike uithouvermoë, regverdigheid, wysheid en ander seëninge. Die verkeerde reaksie lei tot sonde en geestelike dood.

Ons menslike natuur wil die verantwoordelikheid vir ons optrede op ander plaas. Ons sien dit van die begin van die skepping af toe God Adam en Eva in die tuin van Eden

met hul sonde gekonfronteer het. Adam het Eva die skuld gegee en Eva het die slang die skuld gegee. Jakobus verduidelik die aard van die bose, die aard van die mens en die aard van God. Hy lewer 'n sterk bewys dat God nie verantwoordelik is vir ons versoekings nie en ook nie vir ons swakheid om voor sonde te swig nie.

**STUDIE VRAE:**

Dink aan 'n tyd toe jy iets verkeerds gedoen het, groot of klein, en probeer het om die skuld op iemand anders te plaas. Wat is 'n paar "verskonings" wat jy gebruik het om iets te doen wat duidelik verkeerd is?

_____

_____

Waar kom versoekings vandaan? Waar kom dit nie vandaan nie? (vers 13-14)

_____

_____

In jou eie woorde, beskryf die proses wat plaasvind wanneer versoeking oorgaan tot sonde.

_____

_____

Hoe moet ons versoekings hanteer? (Lees ook Matteus 4: 1-11, Hebreërs 4:15 en 2 Timoteus 2:22)

_____

_____

Jakobus waarsku die gelowiges om nie mislei te word nie. (vers 15). Op watter maniere kan ons mislei word as dit by versoekings kom?

_____

_____

_____

Versoekings kom nie van God af nie. Wat kom van Hom? (verse 17-18)

_____

_____

_____

_____

Wat bedoel Jakobus as hy sê dat God soos die hemelligte is wat nooit verander en verduister nie? (Lees ook Maleagi 3:6 en Hebreërs 13: 8)

_____

_____

Jakobus maak dit duidelik dat God en Sy Woord permanent is en sal aanhou. Hoe kan die Woord van God ons teen verskillende versoekings beskerm?

_____

_____

As God praat, gebeur dinge. Die Woord van God is soos medisyne wat diep van binne af genees, ons innerlike seer genees en ons innerlike motiverings verander, sodat ons nuwe mense word. (vers 18) Waar het jy die Woord van God in jou lewe nou nodig om die seer te genees of beweegredes te verander? Wees eerlik met jouself.

_____

_____

_____

_____

_____

Watter denkproses het verse 13-18 jou geleer om deur te gaan as versoeking oor jou pad kom? Hoe kan jy ander aanmoedig om hierdie proses te gebruik?

_____

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

God is nie verantwoordelik vir versoeking nie. Die toets kom van binne jouself. Niemand van ons begin met 'n suiwer hart en suiwer impulse, hoop en vrese nie. Die uitdaging vir elkeen van ons is om verstandig te kies watter impulse en begeertes ons sal volg en wie ons sal weerstaan.

Jakobus sê dat sommige begeertes 'n “gesin van sy eie” begin. God belowe ons die ewige lewe, maar sondige begeertes lei tot die teenoorgestelde, ewige dood.

God se karakter is altyd betroubaar en standvastig. Niks kan verhoed dat God se goedheid ons bereik nie. Sy aard van gee is konstant en konsekwent. Hy word nie deur ons teenstrydighede en ontrouheid beïnvloed of beweeg nie.

Gelowiges in wie se lewens die Woord sy werk doen, is slegs die begin. God wil die hele skepping deur Sy Woord verander en hemel en aarde vul met Sy ryk, wonderlike lig en lewe.

**GEBED:**

Dink na oor die waarheid oor God wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Loof Hom dat Hy 'n vrygewige gewer is en dat Hy konstant is.
Vra Hom om jou innerlike beweegredes wat nie vir Hom aanneemlik is nie, aan jou te openbaar.
Deel die versoekings waarmee jy sukkel het met Hom en vra Hom om jou van verleiding en sonde te verlos.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Ons weet mos God kan nie verlei word om verkeerd te doen nie, en Hý verlei ook niemand nie.*

*Jakobus 1:13b (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 1:13-18, Psalm 1:1-3, Matteus 4:1-11 en Maleagi 3:6

**Besprekingsvrae**

Wat is die verskil tussen 'n “beproewing” en 'n “versoeking”?

_____

_____

_____

Waar kom versoekings vandaan? Waar kom hulle nie vandaan nie?

_____

_____

_____

Lees Psalm 1:1-3 en Jakobus 1:14-15. beskryf die proses wat plaasvind wanneer versoeking oorgaan tot sonde. Hoe moet ons versoekings hanteer? (Verwys ook na Matteus 4:1-11)

_____

_____

Wat bedoel Jakobus as hy sê dat God soos die hemelligte is wat nooit verander en verduister nie? (Lees ook Maleagi 3:6 en Hebreërs 13: 8) Watter hoop gee dit jou rakende versoekings?

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Waar in jou lewe, het jy die Woord van God nodig om seer te genees of om jou denkwyse te verander? Wees eerlik met jouself en die groep.

_____
_____
_____
_____
_____

Watter denkproses het verse 13-18 ons geleer om deur te gaan as versoeking kom? Hoe kan jy ander aanmoedig om hierdie proses te gebruik?

_____
_____
_____

**Sluit af met gebed**

# Week 3

# Luister en Doen

## Geheuevers:

***Julle moet mense word wat dóén wat die word sê. Moet dit nie net aanhoor nie; dan bedrieg julle julleself.***

***Jakobus 1:22 (NLV)***



DAAGLIKS MET GOD
– 'N STUDIE VAN DIE JAKOBUS BRIEF
DeoGloria

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 1:19-27**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Gehoorsaamheid word soms beskou as iets moois en net nodig vir kinders of honde. Maar terselfdertyd beskou ons dit as beperkend tot individualiteit en onafhanklikheid. Jakobus het 'n probleem met hierdie denkrigting en spreek dit aan in hierdie gedeelte van sy brief. Hier fokus hy op die krag van God se Woord en die noodsaaklikheid dat gelowiges in gehoorsaamheid daarop moet reageer.

Ware kennis van die Bybel verskil hemelsbreed van akademiese kennis. Of jy 'n akademiese eksamen slaag hang net af van die kennis wat jy in jou kop het, en glad nie van hoe jy op pad na die eksamen optree nie. Maar, vir die Bybelkennis “eksamen” tel jou hele lewe. Jy kan dit nie bloot as nuttige inligting hanteer of aanleer nie. Om die Bybelse waarhede behoorlik te verstaan, moet jy dit uitleef.

Jakobus wil hê dat sy lesers moet verstaan dat waarheid nie net kennis is wat jy in jou kop het nie – maar dat dit iets

is wat jy uitleef. God se waarheid word in aksie gevind. As jy nie God se waarheid leef nie, het jy dit nie regtig geleer nie.

**STUDIE VRAE:**

Wat is die karaktereienskappe van 'n goeie luisteraar?

_____

_____

Watter duidelike riglyne gee Jakobus in vers 19?

_____

_____

Waarom dink jy beklemtoon Jakobus die gevaar van menslike woede? Waarheen lei menslike woede ons? (Lees ook Spreuke 14:17, Psalm 37:8 en Efesiërs 4:26-27)

_____

_____

_____

Wat kan woede nooit regkry nie? Hoekom nie? (Verwys na vers 20)

_____

_____

Wat moet ons doen om God se Woord behoorlik te aanvaar (vers 21)? Hoe doen ons dit? (Lees ook Romeine 13:12-14, Efesiërs 4:22-24 en Hebreërs 12:1)

_____

_____

_____

Om na die Woord te luister is slegs die eerste stap. Wat gebeur as ons nie optree volgens wat ons hoor nie (vers 22-24)?

_____

_____

_____

Wat is die verskil tussen die lewe van 'n blote luisteraar en die lewe van iemand wat dit wat hulle gehoor het, toepas (verse 22,25)?

_____

_____

_____

Watter vryheid of seën bied die doen van God se wil? (Lees ook Romeine 8:2)

_____

_____

Wat dink die wêreld beteken die woord “godsdiens”? (as iemand op straat, in 'n boek of in 'n TV-program as godsdienstig beskryf word).

_____

_____

Volgens verse 26 en 27, hoe verskil mense wat dink dat hulle godsdienstig is, van diegene wat werklik godsdienstig is?

_____

_____

Wat sê Jakobus is die belangrikste kenmerk van godsdienstige gedrag?

_____

_____

In watter situasies kan jy vinnig praat en kwaad word? Hoe kan jy jou gedrag in hierdie situasies verander?

_____

_____

Besin oor jou lewe en gewoontes. Toon jou dade dat jy Christus ontvang het en Hom in gehoorsaamheid volg?

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Ons almal is skuldig aan die volgende: Terwyl iemand anders praat, dink ons aan wat ons volgende gaan sê, in plaas daarvan om regtig te luister wat vir ons gesê word. Ons weet dat ander meer sorg en aandag werd is, maar die gewoonte is moeilik om te breek.

God wil hê dat ons moet tot stillstand kom en na Sy Woord luister. En die opdragte wat Hy aan ons gee, uitvoer.

As Christene word ons geroep om nederig te aanvaar wat ons in God se Woord hoor en ons geloof tot aksie te laat oorgaan. Hierdie gehoorsaamheid beperk ons nie, dit lei daartoe dat ons met vryheid en seën leef.

**GEBED:**

Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Loof God vir die werk wat Hy in ons doen, want Hy verander ons om elke dag meer soos Christus te wees.
Vra God om jou te help om 'n beter luisteraar te word en Sy wil te gehoorsaam.
Vra Hom om jou te help om jou gedagtes skoon te maak en op Sy Woord te fokus.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Julle moet mense word wat dóén wat die word sê. Moet dit nie net aanhoor nie; dan bedrieg julle julleself.*

*Jakobus 1:22 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 1:19-27, Jesaja 55:7-9, Lukas 6:46-49, Jeremia 7:5-7 en 1 Timoteus 5:3

## Besprekingsvrae

Wat is die verband tussen woede en ‘n regverdige lewe? Hoe beïnvloed dit jou getuienis wanneer jy as Christen jou humeur verloor en aan jou woede uiting gee?

_____
_____
_____

Hoe verskil die aksies van “hoor” en “doen” in die arena van geloof, en hoe hou dit verband?

_____
_____
_____

Op watter manier bied gehoorsaamheid aan God vryheid? (Verwys ook na Jesaja 55:7-9 en Lukas 6:46-49)

_____
_____

Watter voorbeelde gee Jakobus van gedrag wat dui op ware geloof (sien verse 26-27)? Waarom dink jy kies hy hierdie aksies? (Verwys ook na Jeremia 7:5-7 en 1 Timoteus 5:3)

_____
_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

In watter situasies kan jy vinnig praat en kwaad word? Hoe kan jy jou gedrag in hierdie situasies verander? Hoe beïnvloed dit jou getuienis as Christen?

_____

_____

_____

Praat oor gevalle waar jy slegs kortstondig aandag aan God se boodskap gegee het (soos die laaste keer dat jy die Bybel self gelees het). Waarom slaag jy nie daarin om dit wat jy gehoor het in die praktyk toe te pas nie? Hoe kan jy dit verander?

_____

_____

_____

**Sluit af met gebed**

# Week 4

# Geloof wat die toets deurstaan

## Geheuevers:

***'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is 'n lyk. So is geloof wat nie dade word nie, ook dood.***

***Jakobus 2:26 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 2:14-26**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

In hierdie studie gaan ons kyk na een van die dinge waaroor Christene baie debatteer en met mekaar verskil, naamlik - geloof versus werke. Mense argumenteer dat geloof in die geestelike dimensie plaasvind en werk in die fisiese dimensie. Maar Jakobus wil ons leer dat die een sonder die ander nie moontlik is nie; dat wat ons doen openbaar wie ons is en wat ons glo.

Om egte geloof te hê, beteken dat God se Gees in ons woon. Ons kan nie anders as om dade op te lewer wat God behaag nie.

Dit is nie maklik om 'n lewe te lei wat getrou is aan wat ons glo nie. “Dit is makliker gesê as gedaan” is 'n gesegde wat beslis van toepassing is op die Christelike lewe. Dit is baie makliker om oor God te praat as om Hom te gehoorsaam. Om Hom te gehoorsaam, kan gevaarlik en ongerieflik wees.

Ons word omring met mense in nood, dit gee ons die geleentheid om ons geloof te bewys. Jakobus spoor ons aan tot geestelike volwassenheid deur oorvloedige goeie werke.

**STUDIE VRAE:**

In Jakobus 2:14 praat Jakobus van iemand wat geloof het sonder dade en vra dan: "Kan die soort geloof iemand red?" Dink jy dit kan?

_____

_____

Hoe beantwoord Jakobus se voorbeeld en slot in verse 15 - 17 sy vraag in vers 14? Wat motiveer gelowiges om op te tree?

_____

_____

_____

Lees Matteus 7:26-27. Wat sê Jesus oor geloof en werke?

_____

_____

Lees 1 Johannes 3:16-18. Behoorlike motivering is belangrik om die waarde van ons geloofsdade te verstaan. Wat word ons gevra om te doen en waarom?

_____

_____

Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van Jakobus 2:18. Weerspreek vers 18 nie wat Paulus in Romeine 3:28 leer nie? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

Wat is die punt wat Jakobus wil maak as hy sê dat selfs demone glo dat daar net een God is (vers 19)?

_____

_____

_____

Hoe is Abraham se geloof aangevul deur wat hy gedoen het (verse 21-24)?

_____

_____

_____

Hoe het Ragab se geloof haar gedrag beïnvloed (vers 25)?

_____

_____

_____

Lees Efesiërs 2:8-10. Kronologie is belangrik as dit by geloof en werke kom. Watter drie stappe is hier ter sprake?

_____

_____

_____

Hoe weet ons, volgens vers 26, dat 'n liggaam lewe? Wat is die verskil tussen egte geloof en blote godsdiens? Hoe som hierdie vers Jakobus se leer oor geloof en dade op?

_____

_____

_____

Hoe reageer jy as die oortuigings en dade van ander mense nie mekaar aanvul nie?

_____

_____

Hoe wys jou optrede die werklikheid van jou eie geloof?

_____

_____

Op watter manier moet jou aksies meer ooreenstem met jou oortuigings?

_____

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Hierdie gedeelte het eeue lank twis veroorsaak weens die manier waarop Jakobus die behoefte aan werke beklemtoon. Jakobus sê nooit dat werke sonder geloof ons kan red nie - hy het reeds in Jakobus 1:17 - 18 gesê dat redding geheel en al 'n genade gawe van God is, deur Sy genade.

Daar was egter 'n verkeerde opvatting onder Joodse Christene dat, omdat regverdige werke en gehoorsaamheid aan God nie 'n voorvereiste vir redding was nie, dit glad nie nodig was nie. Daarom wil Jakobus hê dat gelowiges moet verstaan dat die egtheid van 'n mens se geloof in Jesus Christus as Verlosser meer gesien word in wat iemand doen as wat hy sê.

John MacArthur sê: "*Genuine, transforming faith not only should, but will, produce genuine good works, notably repentance and obedient submission to Christ's Lordship.*

*It will not be perfect obedience and repentance, but good works will be present. We might say that it costs us nothing to become a Christian, but everything to fully live as one*."

**GEBED:**

Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Dank God vir die voorreg om Sy verteenwoordigers op aarde te wees.
Dank God vir die goeie dade wat Hy vir ons in Sy naam laat doen het. Vra Hom om jou te help om daardie geleenthede tot goeie dade raak te sien.
Vra God om jou te help om bewus te word van waar in jou lewe en ervarings jou geloof tot aksie moet kom.
Dank die Here vir die familie van die gelowiges waarvan jy deel is, wat mekaar kan aanspoor tot liefde en goeie dade.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is 'n lyk. So is geloof wat nie dade word nie, ook dood.*

*Jakobus 2:26 (NIV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 2:14-26, 1 Johannes 3:16-18, Romeine 3: 28 en Efesiërs 2:8-10

## Besprekingsvrae

In Jakobus 2:14 praat Jakobus van iemand wat geloof het sonder dade en vra dan: "Kan die soort geloof iemand red?" Dink jy dit kan? Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

Lees 1 Johannes 3:16-18. Behoorlike motivering is belangrik om die waarde van ons geloofsdade te verstaan. Wat word ons gevra om te doen en waarom?

_____

_____

Vergelyk Jakobus 2:18 en Romeine 3:28. Weerspreek Jakobus vir Paulus? Hoe sou jy hierdie verse aan ander mense verduidelik?

_____

_____

Lees Efesiërs 2:8-10. Paulus verduidelik die volgorde van geloof en dade in hierdie verse. Wat is die drie stappe en waarom is die kronologiese orde belangrik?

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Waarom is dade en geloof belangrik vanuit 'n wêreldse perspektief? Watter invloed kan aktiewe geloof op nie-gelowiges hê?

_____
_____
_____

Hoe daag die gedeelte julle groep uit om nie selfvoldaan te raak nie, maar om ware geloof in aksie te toon? Wat moet jy verander om jou geloof in werking te stel?

_____
_____
_____

**Lees Hebreërs 10:24 en sluit af met gebed.**

# Week 5

# Tem die tong

## Geheuevers:

***Ons maak almal baie foute. Maar 'n mens wat sy tong in toom kan hou, kan dit ook met sy hele liggaam regkry.***

***Jakobus 3:2 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 3:1-12**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

In hierdie gedeelte brei Jakobus uit oor sy vroeëre punt dat mense wat werklik gelowig is, 'n streng beheer oor hul tong sal hou (verwys na Jakobus 1:26). Ons woorde is kragtig, hoewel dit moeilik is om dit onder beheer te hou.

Jou tong is wie jy is - dit vertel wat in jou hart aangaan en openbaar die ware persoon. Die egtheid van jou geloof sal getoon word deur wat jy sê, want die tong kan net sê wat dit deur die hart voorgeskryf word.

Daar is geen beperking op wat 'n mens kan sê nie, geen ingeboude grense nie. Geen wonder dat die misbruik van die tong die maklikste manier is om te sondig nie. John MacArthur sê: "*In Scripture the tongue is described as wicked, deceitful, perverse, filthy, corrupt, slanderous, gossiping, blasphemous, etc. No wonder God put the tongue in a cage behind the teeth, walled in by the mouth.*"

Ons ken almal die gesegde, *Dink voor jy praat*; maar op een of ander manier het ons almal daarin gefaal.

**STUDIE VRAE:**

Dink aan 'n tyd toe jy spyt was oor wat jy gesê het. Wat het jy gedoen om dinge reg te stel?

_____
_____
_____
_____

In Jakobus 3:1 waarsku Jakobus medegelowiges daaroor om leermeesters te word. Waarom waarsku hy hulle?

_____
_____

Wat kan sommige van die redes wees vir die streng oordeel oor leermeesters in die kerk? (Lees ook Lukas 12:48)

_____
_____

In vers 2 sê Jakobus: "*Ons maak almal baie foute. Maar ‘n mens wat sy tong in toom kan hou, dan dit ook met sy hele liggaam regkry.*" Is enige mens op aarde volmaak?

Waarom beklemtoon Jakobus dit dat ons moet streef na volmaaktheid?

_____
_____

Hoe kan ons nader aan volmaaktheid kom? (Sien Psalm 55:18, Psalm 140:2-4 en Kolossense 4:2)

_____
_____
_____

Hoe illustreer Jakobus die krag van klein dingetjies (sien vers 3-5)? Op watter manier is die tong soos 'n roer op 'n boot, of 'n stang in die mond van 'n perd, of soos 'n vuur?

_____
_____
_____
_____

Uit watter bron kom die tong se geweldige krag vir kwaad (verwys na Jakobus 3:6)?

_____
_____

Lees die volgende verse en lys die voorbeelde van 'n ongetemde tong:

| | |
|---|---|
| Spreuke 12:18 | |
| Spreuke 12:19 | |
| Spreuke 13:3 | |
| Spreuke 16:27 | |
| Spreuke 17:7 | |
| Spreuke 18:8 | |
| Spreuke 25:18 | |

As geen mens die tong kan beheer nie (vers 8), waarom moet ons nog probeer?

_____

_____

Wat is die belangrikste punt van die illustrasies in verse 11-12? Hoe kan ons woorde openbaar wat in ons siel is?

_____

_____

Daar is 'n ou gesegde: “*Sticks and stones may break my bones, but words can never hurt me.”* Is dit waar? Verduidelik.

_____

_____

Watter tipe spraak rol oor die algemeen van jou tong af? Hoe motiveer hierdie gedeelte jou om versigtiger te wees met die gebruik van jou tong?

_____

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Nêrens is die verhouding tussen geloof en werke meer duidelik as in wat 'n persoon sê nie. John MacArthur sê dat 'n persoon se spraak gesien kan word as 'n betroubare maatstaf van sy/haar geestelike temperatuur, van sy/haar innerlike menslike toestand.

In ons kultuur het dit belangrik geword om ons gevoelens uit te druk. In die naam van “eerlikheid” spoeg ons haatlike, kwetsende woorde uit. Daar is 'n gesegde: "As jy nie iets goed oor iemand kan sê nie, bly liewer stil." Daar is 'n tyd

vir liefdevolle eerlikheid, maar daar is nooit 'n tyd of rede om met ons tonge mense seer te maak nie.

Jakobus leer dat ware gelowiges 'n *geheiligde tong* sal besit en dat hulle dit moet handhaaf. Hy wil hê dat ons die voorbeeld van Jesus moet volg en mense moet wees wat ander seën.

As ons probleme met ons tonge het, moet ons teruggaan en kyk na die bron waaruit die water vloei. Ons moet tot bekering kom, tot God nader en Hom vra om ons te verander na Sy beeld.

**GEBED:**

Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Dank God vir Sy begeerte om ons te verander. Vra Hom om jou te vergewe vir enige sondige en kwetsende dinge wat jy onlangs gesê het.
Vra God vir 'n nuwe gees van selfbeheersing terwyl jy oefen om jou tong in toom te hou.
Bid vir die leraars van God se woord. Vra God om hulle te beskerm en Sy wysheid aan hulle te gee. Bid dieselfde vir jouself.
Vra God om jou tong eerder 'n bron van lewe te maak as 'n bron van vernietiging.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Ons maak almal baie foute. Maar 'n mens wat sy tong in toom kan hou, kan dit ook met sy hele liggaam regkry.*

*Jakobus 3:2 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 3:1-12, Matteus 12:33-37, Psalm 141:3 en Spreuke 21:23

## Besprekingsvrae

Jakobus stel voor dat nie baie mense leermeesters moet word nie (sien vers 1). Watter voorbeelde kom by jou op van godsdiensleiers of leermeesters wie se lewens strenger beoordeel word as ander? Waarom word hulle so beoordeel?

_____

_____

_____

Waarom dink jy het die tong so 'n beheer oor ons lewens dat dit met 'n stang en 'n roer vergelyk kan word (sien verse 3-4)?

_____

_____

_____

Een van die mees ontstellende dinge is 'n vuur buite beheer. Die pyn om die gevolglike vernietiging te sien, kan verwoestend wees. Waarom vergelyk Jakobus die tong met 'n vuur en 'n wêreld van kwaad (sien verse 5-6)?

_____

_____

_____

Lees Matteus 12:33-37. Hoe beskryf Jesus die verhouding tussen die hart en die mond?

_____

_____

_____

Lees Psalm 141:3 en Spreuke 21:23. Hoe versoen ons hierdie verse met Jakobus se bewering dat niemand die tong kan tem nie? Wat is ons aandeel en wat is God se aandeel?

_____

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Wanneer is jy die meeste in die versoeking om ander mense sleg te sê? Wat is die onderliggende probleem en wat kan jy daaraan doen?

_____

_____

Lees Jakobus 3:10-12 en bespreek die vraag: Is alles 100% wel met jou verhouding met Jesus as jy nog steeds van tyd tot tyd vloek of vuil woorde gebruik - selfs as niemand jou hoor nie?

_____

_____

_____

Watter positiewe woorde moet jou vriende en kennisse hierdie week van jou hoor? Hoe kan jy onthou om hierdie dinge te sê? Hoe kan jou woorde 'n positiewe uitwerking hê op die mense met wie jy assosieer?

_____

_____

_____

**Sluit af met gebed**

# Week 6

# Hemelse Wysheid

## Geheuevers:

***Maar die wysheid wat van Bo kom, is in die eerste plek suiwer. Verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam. Dit is bereid om ontferming te betoon, en het goeie gevolge. Dit diskrimineer nooit en is altyd opreg.***

***Jakobus 3:17 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 3:13-18**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Die *Cambridge English Dictionary* definieer wysheid as *"the ability to use your knowledge and experience to make good decisions and judgements."* Die American Heritage woordeboek definieer wysheid as *"an understanding of what is true, right and lasting."* Die Bybelse begrip van wysheid gaan egter 'n bietjie verder.

Jakobus leer ons dat ons kennis van wat reg is, ons gedrag moet beïnvloed. Hy ondersteun die waarheid wat in die Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur (vanaf Job tot die Hooglied van Salomo) geopenbaar word, dat wysheid in twee ryke verdeel word - aardse en hemelse, die wysheid van die mens en die hemelse of goddelike wysheid.

Mense met intellektuele gawes word dikwels gekenmerk deur hul trots op hul eie idees en deur voortdurend lof daarvoor te soek. Daarenteen is die wysheid wat alle

gelowiges moet soek, onlosmaaklik verbind aan 'n goddelike lewenstyl.

**STUDIE VRAE:**

Lees Jakobus 1:5-8. Hoe beskryf Jakobus wysheid in hierdie verse?

_____
_____
_____

Wat sê Jakobus in Jakobus 3:13, is die bewys van wysheid?

_____
_____
_____

Hoe beskryf Jakobus aardse wysheid (Sien verse 14-16)? Wat is die gevolg van aardse wysheid?

_____
_____
_____

Hoe kan aardse wysheid gevegte en rusies uitlok?

_____
_____

Hoe beskryf Jakobus hemelse wysheid (sien vers 17)? Hoe tree 'n wyse persoon op?

_____
_____
_____

Wat lewer hemelse wysheid op (sien vers 18)?

_____
_____
_____

Vergelyk Jakobus 3:17 met Galasiërs 5:22. Wat is die ooreenkoms wat Jakobus toon tussen wysheid en om deur die Heilige Gees gelei te word?

_____
_____

Lees Kolossense 2:2-3. Wat sê hierdie gedeelte oor Christus en wysheid?

_____
_____
_____
_____

Hoe kan jy sien of die wysheid wat jy ontvang, die wysheid van die mens of die wysheid van God is?

_____
_____
_____

In watter mate beïnvloed die wysheid van die wêreld jou gedagtes, opinies en waardes? Verduidelik jou antwoord.

_____
_____
_____

Wat is ’n paar konkrete maniere waarop ‘n Christen God se wysheid kan verwerf? Probeer om ten minste 5 te lys.

_____
_____
_____
_____
_____

Wat kan jy vandag doen om meer passievol te raak om God se wysheid na te streef en om dit soos 'n skat te soek?

_____
_____
_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Wysheid is meer as om diepgaande kennis of insig te hê. Dit is nie 'n kwessie van intelligensie of welsprekendheid of oortuiging nie. Dit kom van bo en bestaan uit 'n egte begrip van God, onsself en ander.

Ware wysheid sal altyd geopenbaar word deur nederigheid, sagmoedigheid, barmhartigheid en vredemaking. As ons die grootheid van God, ons eie sondigheid en die liefde wat Hy teenoor ons betoon, verstaan, kan afguns, ambisie en vyandigheid geen plek in ons lewens hê nie.

**GEBED:**

Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Dank God vir die vertroosting dat ons weet dat wanneer ons tot Hom nader, Hy belowe om na ons toe te kom.
Vra God om jou hemelse wysheid te gee.
Vra God om jou te help om bewus te word van waar jy op aardse wysheid vertrou en dat die Heilige Gees jou kan lei.
Dank God vir Sy Gees wat jou rig en lei.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Maar die wysheid wat van Bo kom, is in die eerste plek suiwer. Verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam. Dit is bereid om ontferming te betoon, en het goeie gevolge. Dit diskrimineer nooit en is altyd opreg.*

*Jakobus 3:17 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 3:13-18, Jakobus 1:5-8 en Galasiërs 5:22-23

## Besprekingsvrae

Lees Jakobus 1:5-8. Hoe beskryf Jakobus wysheid in hierdie verse?

_____

_____

_____

Wat is die verskil tussen kennis en wysheid? Bespreek jou antwoorde.

_____

_____

_____

Wat is die verskil tussen aardse wysheid (14-16) en hemelse wysheid (vers 17)? Waarheen lei aardse wysheid?

_____

_____

Vergelyk Jakobus 3:17 met Galasiërs 5:22-23. Bespreek die ooreenkomste tussen wysheid en leiding deur die Heilige Gees. Waarom is dit belangrik?

_____

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Watter lewenservarings het jou wysheid verhoog? Groei jy in wysheid? Watter tekens is daar in jou lewe?

_____

_____

Watter skade kan bittere afguns of selfsugtige ambisie jou aanrig?

_____

_____

Wat kan jy hierdie week doen om vrede te bewerkstellig in 'n verhouding of situasie wat jou pla? Hoe kan ons mekaar aanmoedig om vrede te saai?

_____

_____

Is hemelse wysheid moontlik sonder die invloed van die Heilige Gees? Bespreek.

_____

**Sluit af met gebed**

# Week 7

# Nederige onderdanigheid en perspektief

## Geheuevers:

***Val voor die Here neer en wys dat julle van Hom afhanklik is, en Hy sal julle optel en aan julle aansien gee.***

***Jakobus 4:10 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 4:1-5:6**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Tydens ons studie het ons gesien dat Jakobus verskillende, alledaagse optredes ondersoek om te wys dat dit ons aanspraak op geloof kan bevestig of die afwesigheid van ware geloof in ons lewens kan uitlig. Hy het ons uitgedaag om in moeilike tye te volhard en verstandig te lewe.

Nou gaan hy voort deur ons te wys hoe ons kan volhard in aktiewe, vertrouende geloof. Deur onsself te verneder, ons sonde te erken en naby ons liefdevolle God te bly, sal ons Sy genade kragtig in ons sien werk.

Blaise Pascal het eens opgemerk dat die mensdom in 'n toestand van *"teenstrydighede, verveling en angs"* leef. Hierdie gevoelens lei dikwels tot 'n desperate poging om ons eie lewens te beheer en om seker te maak dat ons *“kry wat ons toekom”.*

Jakobus wys ons hoe nutteloos hierdie pogings is en hoeveel ons God se genade in ons lewens nodig het om

ons te help om 'n ware perspektief te behou van wie ons is en hoe ons leef.

**STUDIE VRAE:**

Wat identifiseer Jakobus as die bron van rusies en bakleiery met ander in Jakobus 4: 1-2?

_____
_____

Wat is die twee belangrikste gedragspatrone wat Jakobus in Jakobus 4:2-3 kritiseer?

_____
_____
_____

Watter soort gebed weerstaan God (sien Jakobus 4:3)? Wat is die regte motief in gebed?

_____
_____
_____

Waarom gee God nie altyd vir mense waarvoor hulle vra nie? (Verwys na Jesaja 55:8-9 en Johannes 15:7)

_____
_____

Kan ons God sowel as die wêreld liefhê? Wat gebeur as ons albei probeer liefhê? (Verwys na 1 Johannes 2:15-16 en Matteus 6:24)

_____

_____

_____

Hoe kan 'n Christen dit regkry om in 'n korrupte wêreld totaal vir God leef (Jakobus 4:6)? (Verwys ook na Jeremia 9:23-24 en 1 Petrus 5: 5)

_____

_____

In Jakobus 4:7-10 bied Jakobus tien vermanings aan. ('n Soortgelyke lys van ses vermanings word ook in 1 Petrus 5:6-9 aangetref.) Lys dit hieronder:

| **Jakobus 4:7-10** | **1 Petrus 6-9** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| | |
|---|---|

Waarom behoort ons volgens Jakobus, nie ‘n Christen broer of – suster te belaster of te kritiseer nie (Jakobus 4:11-12)?

_____

_____

Wat sê dit van ons houding teenoor die Wetgewer as ons die Wet beoordeel (Jakobus 4:11-12)?

_____

_____

In Jakobus 4:13-17 kom Jakobus terug na die onderwerp van rykdom en trots. Wat is die verskil tussen trots en 'n gevoel van prestasie?

_____

_____

_____

Dink jy Jakobus is gekant teen beplanning? Hoe sou jy die twee ingesteldhede ten opsigte van die toekoms, soos in Jakobus 4:13-17, beskryf?

_____

_____

In Jakobus 4:14 vergelyk Jakobus die lewe met die oggendmis ('n damp). Hoe help 'n skielike dood, veral die van 'n persoon na aan jou, jou om dit te besef?

_____

_____

Op watter maniere kan ons ons vertroue dat God ons daaglikse lewe beheer, uitdruk (Jakobus 4:15)? Hoe moet dit ons planne en optrede beïnvloed?

_____

_____

_____

In Jakobus 5:1-6 kom Jakobus terug na die onderwerp van rykdom en trots. Dink jy Jakobus is gekant teen rykdom? Wat is sy grootste bekommernis en sy boodskap aan ons oor die gevare van rykdom? (Verwys na 1 Timoteus 6:10 en Hebreërs 13:5)

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Die Skrif gee baie kenmerke van 'n ware Christen, bv. liefde vir God, bekering van sonde, nederigheid, toewyding aan God se heerlikheid, gebed, liefde vir ander,

skeiding van die wêreld, groei en gehoorsaamheid. Maar die kenmerk wat baie duidelik uitstaan, is die begeerte om die wil van God te doen. Daarom kan gelowiges nie wêreldse dinge nastreef nie, omdat dit in stryd is met die wil van God.

Die Bybel is nie teen rykdom of plesier gekant nie, albei is 'n goeie deel van die skepping wat deur God aan ons gegee word. Die manier waarop ons geld gebruik, moet egter op 'n goddelike wyse wees; vrygewig en regverdig, soos God vrygewig en regverdig is.

**GEBED:**
Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Dank God vir die belofte dat as ons tot Hom nader, Hy tot naby ons sal kom.
Vra God om jou te help om te leer hoe jy nederig met Hom kan wandel.
Dank God vir Sy goedheid en vra Hom om jou te leer om jou geld verstandig te gebruik.
Vra God vir geduld en volharding terwyl ons wag op Christus se wederkoms.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Val voor die Here neer en wys dat julle van Hom afhanklik is, en Hy sal julle optel en aan julle aansien gee.*

*Jakobus 4:10 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 4:1-17, Johannes 15:9 en 1 Johannes 2:15

## Besprekingsvrae

Wat is volgens Jakobus die bron van rusies (Jakobus 4:1-2)?

_____
_____
_____

Jakobus sê dat ons ons begeertes moet hanteer deur God te vra vir wat ons wil hê (Jakobus 4:2-3). Waarom weerstaan ons of aarsel ons om God te vra vir wat ons wil hê? Bespreek.

_____
_____
_____

Waarom kan ons nie God sowel as die wêreld liefhê nie? (Verwys na Johannes 15:9 en 1 Johannes 2:15)

_____
_____

Hoe sou jy die twee ingesteldhede teenoor die toekoms in Jakobus 4:13-17 beskryf? Hoe beïnvloed dit ons uitkyk op beplanning vir die toekoms?

_____
_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Ons het dikwels beide Christen- en nie-Christenvriende. Hoe kan 'n noue verhouding met nie-Christene ons verhouding met God beïnvloed?

_____
_____
_____

Is jy bewus van (of miskien 'n deel van) geskille of rusies by mense om jou? Hoe kan jy deel wees van die proses om hierdie geskille op te los?

_____
_____
_____

**Sluit af met gebed**

Week 8

# Geduld en Gebed

## Geheuevers:

***Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking.***

***Jakobus 5:16 (NLV)***

# PERSOONLIKE STUDIE

**Lees Jakobus 5:7-20**

**INLEIDENDE OPMERKINGS:**

Daar is baie dinge in die lewe wat vreemd lyk vir iemand wat nie weet wat aangaan nie. Tom Wright sê: *"Imagine watching someone make a musical instrument if you have never heard music in your life. You may wonder about all the effort and time put into it and the use of the object. Of course, when the moment comes and it is finished, all is explained. Sometimes you need to wait and be patient, to trust that things will become clear."* In hierdie skrifgedeelte gebruik Jakobus verskillende voorbeelde om die tema van geduld te onderstreep.

Jakobus is voortdurend bewus daarvan dat ons binne God se storie leef. God ken die volle storie en sien die volledige prentjie, terwyl ons net 'n gedeelte daarvan sien. Daarom is hierdie saak van **geduld** deel van sy praktiese denkwyse. Met die realiteit van Christus se wederkoms spoor Jakobus ons aan om voort te gaan in ons geloofswandel, met geduld en aanhoudende gebed, in die wete dat ons God vol barmhartigheid en medelye is. Dit is

in hierdie konteks van ons storie binne God se storie, dat gebed, die mees onbegryplike aktiwiteit, sinvol is.

**STUDIE VRAE:**

Wat vind jy dat jy die meeste voor bid?

_____

_____

Regdeur sy brief het Jakobus gepraat oor beproewings, druk, probleme en ongeregtighede. Watter houding moet die Christen in die lig hiervan handhaaf? Vir hoe lank? (Verwys na vers 7-8)

_____

_____

_____

Wat is die parallel tussen die boer wat op die oes wag en ons wat op die koms van die Here wag? (Lees ook Galasiërs 6:9)

_____

_____

_____

Jakobus sê in vers 8 sê dat die koms van die Here naby is. Beteken dit dat Jakobus gedink het dat Jesus in sy

leeftyd sou terugkeer en daarom verkeerd was? (Verwys ook na Romeine 13:11, Hebreërs 10:25 en 1 Petrus 4:7)

_____

_____

_____

Waarom dink jy het Jakobus die waarskuwing van vers 9 bygevoeg?

_____

_____

_____

Hoe is Job vir ons 'n voorbeeld van geduld tydens lyding? (Verwys na Job 1-2:10). Wat wil God hê moet ons oor Hom leer deur al ons lewenservarings?

_____

_____

_____

In vers 12 spreek Jakobus hom uit teen die eed. Hoekom? Waarom sukkel ons om net ons "ja" "ja" en ons "nee" "nee" te laat wees?

_____

_____

_____

In watter dele van ons lewens moet ons God betrek (verwys na verse 13-14)? (Verwys ook na Filippense 4:6-7.) Wat erken ons van God wanneer ons bid en Hom loof?

_____

_____

_____

Hoe kan gebed 'n wesenlike verskil maak in die lewe van 'n gelowige wat sukkel? (Verwys na Psalm 27:13-14, Jona 2:7 en 1 Petrus 5:7)

_____

_____

_____

Benewens persoonlike gebed, watter ander hulpbronne het ons as gelowiges (verse 14-16)?

_____

_____

_____

Vers 15 beloof oënskynlik gewaarborgde, onmiddellike gebedsverhoring op gebede in geloof. Beteken dit dat as daar geen genesing is nie, daar geen ware geloof is nie? Motiveer jou antwoord.

_____

_____

In vers 17 lees ons van Elia se voorbeeld van getroue gebede. Wat leer jy uit hierdie voorbeeld? (Verwys na 1 Konings 17:1-7; 1 Konings 18:1-2 en 41-46). Wat kan gebed bewerkstellig?

_____

_____

In vers 19 waarsku Jakobus dat jy nie “van die waarheid afdwaal” nie. Wat beteken dit? (Verwys na Johannes 17:17)

_____

_____

_____

Wie se verantwoordelikheid is dit om daardie Christen wat van die waarheid begin wegdraai, terug te bring? Waarom is dit 'n voorreg sowel as 'n verantwoordelikheid? (Verwys na Matteus 18:15)

_____

_____

_____

**SLOTOPMERKINGS:**

Soos in baie briewe in die Nuwe Testament, verwys die afsluiting van Jakobus se brief na gebed. Gebed moet alles omring wat ons doen, of ons nou hartseer of gelukkig is, swaarkry of vrolik is. As ons in geloof bid, kom daar 'n bietjie hemel op aarde, 'n bietjie van God se toekoms word in die hede ‘n werklikheid.

As ons openlike, mededeelsame en biddende verhoudings met ander Christene in stand hou, sal dit ons die geestelike krag gee om die oorwinning oor die sonde te behaal. John MacArthur sê: “*God has given to all believers the ministry of reconciling wandering souls to Himself. When the evidence indicates a professed believer’s faith is not real, true Christians knowing the terrible threat of eternal death that person faces, must make it their goal to turn him back from his sin to genuine saving faith in God*.”

As 'n Christen, wie jy ken, op een of ander manier dwaal, is dit jou verantwoordelikheid om hom of haar terug te roep. Dit moet versigtig, biddend en liefdevol gedoen word, want dit kan iemand se lewe red.

**GEBED:**

Dink na oor wat ons uit hierdie gedeelte geleer het.
Dank God vir Sy liefde en genade - vir die vergifnis wat Hy ons bied. Vra Hom om jou te help om dit nie as vanselfsprekend te aanvaar nie.
Spandeer tyd in gebed vir mense wat jy ken wat siek is of sukkel met onbelyde, sondige gedrag. Bid dat hulle gered en genees kan word.
Vra God om Sy hulp en wysheid terwyl jy daarna streef om Sy woord te ontvang en dit in jou daaglikse lewe toe te pas.
Vra God vir Sy genade wanneer jy ander bedien.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking.*

*Jakobus 5:16 (NLV)*

## Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende hierdie week in jou lewe gewerk het en wat Hy deur die Skrif aan jou geopenbaar het.

## Skriflesing:

Lees Jakobus 5:7-20, Romeine 13:12, Hebreërs 10:25 en 1 Johannes 2:18

## Besprekingsvrae

Gedurende sy brief het Jakobus gepraat oor beproewings, druk, probleme en ongeregtighede. Watter houding moet die Christen in die lig hiervan handhaaf? Vir hoe lank? (Verwys na vers 7-8). Vind jy dit maklik? Bespreek.

_____

_____

_____

Wat het Jakobus geleer oor Christus se wederkoms (verse 8-9)? (Verwys ook na Romeine 13:12, Hebreërs 10:25 en 1 Johannes 2:18)

_____

_____

_____

Hoe kan gebed 'n wesenlike verskil maak in die lewe van 'n gelowige wat sukkel?

_____

_____

_____

Vers 15 beloof oënskynlik gewaarborgde, onmiddellike gebedsverhoring op gebede in geloof. Beteken dit dat as

daar geen genesing is nie daar nie ware geloof is nie? Motiveer jou antwoord. Bespreek in die groep.

_____

_____

## Toepassing van die teks

Moedig mekaar aan om die waarhede wat ons ontdek het in ons lewens toe te pas. Deel en bespreek die volgende persoonlike vrae met mekaar:

Elia was 'n persoon soos ons, maar hy is 'n voorbeeld van getroue gebed. Op watter maniere sukkel jy as jy probeer groei in gebed? Deel en bespreek moontlike maniere om jou situasie reg te stel.

_____

_____

_____

Watter veranderinge het jy in jouself gesien sedert jy met hierdie studie van Jakobus begin het? Watter area(s) in jou lewe het uithouvermoë en deursettingsvermoë nodig?

_____

_____

_____

**Sluit af met gebed**

# GEHEUEVERSE

**WEEK1:**

My broers en susters, wanneer julle in allerhande beproewings beland, moet julle eintlik baie bly wees. Julle weet mos: Wanneer ‘n mens se geloof ‘n toets deurstaan, veroorsaak dit dat jy kan volhard.
Jakobus 1:2-3 (NLV)

**WEEK 2:**

Ons weet mos God kan nie verlei word om verkeerd te doen nie, en Hý verlei ook niemand nie.
Jakobus 1:13 (b) (NLV)

**WEEK 3:**

Julle moet mense word wat dóén wat die word sê. Moet dit nie net aanhoor nie; dan bedrieg julle julleself.
Jakobus 1:22 (NLV)

**WEEK 4:**

‘n Liggaam wat nie asemhaal nie, is ‘n lyk. So is geloof wat nie dade word nie, ook dood.
Jakobus 2:26 (NLV)

**WEEK 5:**

Ons maak almal baie foute. Maar ‘n mens wat sy tong in toom kan hou, kan dit ook met sy hele liggaam regkry.
Jakobus 3:2 (NLV)

**WEEK 6:**

Maar die wysheid wat van Bo kom, is in die eerste plek suiwer. Verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam. Dit is bereid om ontferming te betoon, en het goeie gevolge. Dit diskrimineer nooit en is altyd opreg.
Jakobus 3:17 (NLV)

**WEEK 7:**

Val voor die Here neer en wys dat julle van Hom afhanklik is, en Hy sal julle optel en aan julle aansien gee.
Jakobus 4:10 (NLV)

**WEEK 8:**

Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het ‘n kragtige werking.
Jakobus 5:16 (NLV)

# BRONNE

Alberrry, Sam. *Geniune Faith James*. The Good Book Company. 2019

Barton, Bruce B; Veerman David R, et al. *Life Application Bible Commentary James*. Tyndale House Publishers, Illinois. 2004

Chandler, Matt. *James Faith/Works.* Lifeway Press, Nashville, Tennessee. 2018

Christensen, Chuck and Winnie. *James Faith in Action*. Waterbook Press, Colorado Springs, Colorado. 2009

Jensen, Phillip D and Birkett, Kristen. *The Implanted Word James*. Matthiasmedia, Sydney. 2010

Keller, Timothy. *James - Leadersguide*. Redeemer Presbyterian Church. 2007

Le Peayu, Andrew T and Phyllis J. *James Faith That Works*. InterVarsity Press, Downers Grove, Illinois. 1999

MacArthur, John. *James Guidelines for a Happy Christian Life*. Nelson Books, Nashville, Tennessee. 2007

Motyer, Alec. *The Message of James*. InterVarsity Press, Leicester, England. 1985

Pawson, David. Unlocking the Bible. Harper Collins Publishers, London. 2015

Wright, Tom. *Bible study guides for everyone James*. InterVarsity Press, Downers Grove, Illinois. 2012

www.BibleStudyMen.com : James – Faith for the living.

2020

108